

# BEWAREAS IN DIE WES-KAAP

## WAT IS 'N BEWAREA?

'n Bewarea word gevestig wanneer 'n vrywillige ooreenkoms tussen twee of meer grondeienaars, wat op hulle gekombineerde eiendom, saamwerk en streef na die bewaring van daardie omgewing. Vennootskappe tussen die burgerlike samelewing en bewaringsowerhede het hierdie konsep gegroei tot 'n nasionale bewaringsbeweging. Bewareas is nie noodwendig beperk tot landbou gebiede nie, dit kan ook in stedelike en industriële gebiede gevestig word.

## Wat is die voordele van 'n bewarea?

Die gemeenskap neem deel aan die bestuur van die omgewing. Wildlewe word bevoordeel en neem toe, en natuurlike hulpbronne word volhoubaar benut. Die omgewing se bewaringstatus sowel as sy ekonomiese en estetiese waardes word verbeter asook die verskaffing van ekosisteen-dienste, byvoorbeeld bestuiving en water suiwering. Omgewingsbewustheid word bevorder. Lewensgehalte neem toe as gevolg van 'n groter gevoel van gemeenskapverhoudings. Met onverantwoordelike ontwikkeling, grootskaalse besoedeling en groeiende eise aan natuurlike hulpbronne, is dit noodsaaklik dat ons almal help om ons natuurlike bates te bewaar om te verseker dat ons en ons natuurlike omgewing 'n beter kans op oorlewing in die verre toekoms het.

## Hoe word 'n bewarea gevestig?

Twee of meer grondeienaars reël 'n vergadering en nooi alle belangstellendes om by te woon. Die bewarea word gevestig deur middel van 'n stemproses waar die meerderheid van die persone teenwoordig ten gunste van die stigting van 'n bewarea is. By hierdie vergadering word 'n loodskomitee en voorsitter verkies. Die opstel van 'n grondwet, toekomstige vergadering datums, maandelike projekte en 'n naam vir die nuwe bewarea word bespreek. Die loodskomitee se take is soos volg: bepaal wat die maksimum bewaringsgebied se omvang sal wees; bevorder die idee onder potensieële lede, versamel relevante en toepaslike inligting omtrent elke lid, stig 'n grondwet wat duidelike doelwitte insluit en bepaal 'n gepaste jaarlikse ledegeld. Daarna stel die voorsitter CapeNature in kennis oor die vestiging van die bewarea, die omvang en doelstellings, en 'n afskrif van die bewarea se grondwet word voorsien.

VENNOOTSKAPPE is 'n belangrike deel van 'n suksesvolle bewarea. CapeNature se vennootskap met 'n bewarea en sy lede is baie belangrik, maar ons het ook strategiese vennootskappe wat help met beter ondersteuning en opleiding vir bewaringsgebiede. Hieronder volg 'n paar van ons belangrikste vennote:



Conservation  
at Work

THE WESTERN CAPE UMBRELLA ASSOCIATION  
FOR CONSERVATION OF PRIVATE LAND

conservation.at.work@gmail.com



BEWAREA



## Die rol van CapeNature

In die Wes-Kaap is dit die verantwoordelikheid van CapeNature om bewareas te registreer, waarna daar 'n registrasie sertifikaat as bewys uitgereik word. Ons help die bewareas om omgewingsbewustheid te skep en om te beplan vir die konsolidasie van natuurlike omgewingsgebiede. CapeNature personeel besoek bewareas en help om potensieële uitdagings te identifiseer en onder die aandag van die bewarea te bring. Verder fasiliteer, motiveer, ondersteun en adviseer ons bewareas ten opsigte van natuurlike hulpbronnebestuur (bv: wildlewe bestuur, wildomheining spesifikasies, konflik met wilde diere, jag wetgewing, indringerplant bestuur, brand bestuur, ens.) Die opleiding van bewarea-lede kan ook deur CapeNature gefasiliteer word, asook die uitruil van inligting tussen bewareas, spesialis wetenskaplikes en ander vennote. CapeNature sal slegs as lid op die komitee van 'n bewarea dien as die bewaringsgebied CapeNature grond insluit.

## BASIESE BEGINSELS VIR 'N SUKSESVOLLE BEWAREA

- Alle lede moet verbind wees tot die beskerming van die omgewing
- Die bewarea moet deur die grondeienaars bestuur word
- Die grondeienaars se doelwitte moet van soortgelyke belang wees
- Die voorsitter en loodskomitee moet lede van alle kwessies op hoogte hou
  - Lede moet die komitee hul volle samewerking gee
  - Die bewarea moet vir alle lede bekostigbaar wees